**Die tabernakel versus die ontmoetingstent (OP181)**

**Eks 32:1-33:23**

**21 Julie 2024**

Ons is tans besig om die tabernakel te bestudeer. Ons het twee weke gelede gesien dat die fisiese opstelling van die tabernakel ‘n voorstelling is van die verlossingspad wat die Here volg met ‘n gelowige. Laasweek het ons die tabernakel vergelyk met die tuin van Eden. Daar het ons geleer dat alhoewel daar baie ooreenkomste was tussen die tabernakel en die tuin van Eden, was daar ook beduidende verskille: In die tuin van Eden was daar nie ‘n voorhof met ‘n brandofferaltaar en ‘n waskom nie – omrede daar nie noodsaak aan regverdigmaking was voor die sondeval nie. Boonop was daar ook nie in die tuin van Eden ‘n verbondsark nie – Adam en Eva was in ‘n werksverbond met die Here en moes in absolute gehoorsaamheid al die Here se opdragte voltooi, sonder die versoeningswerk van ‘n Verlosser.

Vandag wil ek stilstaan by die gebeure wat ons ken as die “goue kalf insident”. Dit word vir ons beskryf in Ek 32-34. Kan ek jou net weer herinner aan die indeling van hierdie gedeelte van die boek Eksodus. Dit lyk soos volg:

- In Eks 25-31 was Moses op die berg by die Here, en die doel met sy besoek was dat die Here aan hom die kliptafels met die wet daarop sou gee, asook die voorskrifte vir die oprig van die tabernakel.
- In Eks 32-34 lees ons dan van die gebeure rondom die goue kalf, wat ons vandag wil oordink.
- In Eks 35-40 lees ons hoe die volk inderdaad die tabernakel gebou het, volgens die voorskrifte van die Here.

Die punt om raak te sien, is dat die goue kalf gebeure in die middel van die tabernakel oprigting beskryf word, en dit laat die vraag ontstaan: Hoekom word die tabernakel oprigting se beskrywing onderbreek met die goue kalf gebeure?

Om dit beter te oordink, moet ons onsself net weer herinner aan die konteks waarbinne die goue kalf gebeure plaasvind: Onthou, die volk was by Sinai. Die Here het in Eks 19:6 aangedui Hy wil hulle Sy kosbaarste besitting, ‘n koninklike priesterdom en ‘n heilige nasie maak. Vir die doel het die Here reeds in Eks 20 Sy wet mondelings aan die volk aangekondig, sodat hulle kon verstaan hoe ‘n heilige nasie moet lyk. Boonop het die Here aan hulle die Boekrol van die Verbond gegee as ‘n uitwerk van die wet van die Here. Dit het die Here gedoen toe Hy met hulle die Sinaiverbond gesluit het. Vanaf Eks 19, toe die volk by Sinai aangekom het, tot by Eks 24, toe die Sinaiverbond gesluit is, het die volk drie maal onderneem dat hulle alles sal doen wat die Here vir hulle voorgeskryf het. In Eks 24 het ons gelees dat Moses hierna weer die berg Sinai op is om die Here te ontmoet. Hy sou vir 40 dae en nagte op die berg wees – juis om die kliptafels en die detail van die tabernakel van die Here te ontvang. In Eks 24:14 het ons gelees dat Aäron, Hur en die oudstes van die volk aangewys is as leiers van die volk gedurende Moses se afwesigheid – daar is dus behoorlike voorbereiding getref vir die periode van sy afwesigheid. Ons het ook in Eks 24:17 gelees die heerlikheid van die Here was vir die volk sigbaar op die berg – dit het gelyk soos ‘n verterende vuur. Dit was tydens hierdie periode wat Moses op die berg was, wat die goue kalf gebeure plaasgevind het.

Ek wil die goue kalf gebeure oordink onder die volgende 4 punte: (1) Die sonde van die volk (Eks 32:1-6), (2) Die optrede van Moses (Eks 32:7-33:23), (3) Die ontknoping van die gebeure (Eks 34:1-35), en (4) Die betekenis van die gebeure.

<u>Die sonde van die volk (Eks 32:1-6)</u>

Dit was kort na die sluit van die Sinaiverbond, minder as 40 dae nadat Moses teen die berg op is, dat die volk in sonde val. Wat dit erger maak, is dat hulle steeds by die berg Sinai was, en dat hulle die heerlikheid van die Here wat soos 'n verterende vuur gelyk het, op die berg kon sien. Wat dit nog erger maak, hulle het sopas drie maal onderneem om alles te doen wat die Here van hulle verwag het. Maar nou roep die volk teenoor Aäron: "Komaan, maak vir ons gode wat voor ons uit kan gaan; want hierdie Moses, die man wat ons uit Egipte laat optrek het, ons weet nie wat met hom gebeur het nie." (Eks 32:1) Verstommend!

Wat ook verstommend is, is dat Aäron direk inkoop. Hy vra die volk moet aan hom goue ringe bring, en die volk bring dit (Eks 32:2-3). Hierdie goue ringe was waarskynlik deel van die buit wat die volk uit Egipte gebring het – goud wat bedoel was vir die bou van die tabernakel. Aäron maak toe van die goud 'n goue kalf. Die reaksie van die volk is: "Dit is jou gode, Israel, wat jou uit Egipteland laat optrek het" (Eks 32:4). Aäron kondig toe 'n fees aan – hy noem dit 'n fees vir die Here (Eks 32:5). En die volgende dag het hulle fees gevier – hulle het brandoffers en maaltydoffers gebring, geëet en gedrink, en hulleself vermaak (Eks 32:6).

Let op: Met hierdie optrede het die volk die eerste gebod oortree – hulle het vir gode gevra om voor hulle uit te gaan – maar die Here is tog die enigste God! Die volk het die tweede gebod oortree – hulle het gesê die goue kalf het hulle uit Egipte gelei – d.w.s. hulle het die goue kalf gesien as 'n afbeelding van die Here. Die volk het die derde gebod ook oortree – Aäron het die fees 'n fees vir die Here genoem – maar om dit so te noem is 'n assosiasie van die Here se Naam met afgodery. Boonop het die volk ook die boekrol van die verbond oortree, waar daar staan: "Julle mag nie gode van silwer en goud maak en naas My vereer nie" (Eks 20:23).

Die volk het die voorskrifte van die Here dubbel en dwars oortree – hulle het effektief hulle eie god gemaak, met 'n eie beeld en eie offers en 'n eie fees. En dit terwyl Moses op die berg was en die Here aan Hom voorskryf hoe Hy in die tabernakel gedien moet word!

<u>Die optrede van Moses (Eks 32:7-33:23)</u>

Ek wil die res van die gebeure oordink deur 7 optredes van Moses kortliks uit te lig:

1. **Moses tree vir die volk in, terwyl hy nog op die berg was (Eks 32:7-14):** Moses was terwyl hy op die berg by die Here was, onbewus van wat gebeur het. Maar die Here was bewus van alles – en Hy het vir Moses ingelig, en gesê Moses moet afgaan na die volk toe. In Eks 32:9 lees ons wat die Here se opsomming was oor die volk: Hy het die volk deurgekyk, en tot die slotsom gekom dat hulle 'n hardnekkige volk is. Hier is die hart van die probleem: Die volk is hardnekkig. Hulle het maklik allerlei beloftes gemaak om alles te doen wat die Here voorgeskryf het – maar dit het nie veel beteken nie – hulle is hardnekkig. Dit was maar 'n kort tydjie tot hulle hulle eie kop gevolg het – direk teen die wil van die Here in. Hulle is hardnekkig. Die Here oordeel Hy sal maar die volk vernietig, en dan oor begin met Moses (Eks 32:10).

   In Eks 34:11-14 lees ons vir die eerste keer hoe Moses vir die volk intree by die Here. Moses beroep hom op die beloftes wat die Here aan Abraham, Isak en Israel gemaak het en wat Hy met 'n eed bevestig het – die Here het beloof hulle nageslag sal groot wees en in die beloofde land woon. Moses beroep hom daarop dat die Egiptenare sal redeneer die Here het Sy volk met 'n bose plan bedrieg net om hulle dood te maak. Wat verstommend is: die Here luister vir Moses: die Here onderneem Hy sal nie die volk vernietig nie. Die eerste krisis is afgeweer.

2. **Moses vernietig die kliptafels en die goue kalf (Eks 32:15-25):** Moses gaan teen die berg af – met die kliptafels met die wet van die Here in sy hand. Let op hoe vers 16 die kliptafels beskryf: "Die tafels, dit was God se werk, en die skrif, dit was God se skrif, gegraveer op die tafels". Maar vers 19 sê toe Moses by die kamp kom, en die goue kalf sien, het hy die kliptafels neergesmyt en dit verpletter. Dink jou dit in: die geskrif geskryf deur die Here self, die geskrif wat die Here se voorskrifte gee – neergesmyt en verpletter! Die volk het die wet van die Here gebreek – en nou breek Moses die wet van die Here. Moses se handeling wys wat die volk gedoen het – hulle het die wet van die Here neergesmyt en verpletter.

   Dit is nie al wat Moses vernietig het nie – hy het ook die kalf verbrand en fyngestamp tot dit soos poeier was. Nou het die volk niks – hulle het nie die wet van die Here nie, en hulle het ook nie hulle eie god nie. Hulle het niks. Onthou verder: Moses moes sopas 'n groot pleidooi op die berg teenoor die Here lewer om te keer dat die Here die volk nie heeltemal vernietig nie. As dit nie vir Moses was nie, was dit die einde van die volk.

3. **Moses voltrek die Here se oordeel (Eks 32:26-29):** Moses se volgende optrede is eenvoudig skrikwekkend. Hy het by die ingang tot die kamp gaan staan, en geroep: "Wie vir die Here is, kom hier na my toe" (Eks 32:26). Die Leviete het gekom. En Moses het hulle in opdrag van die Here beveel om deur die kamp te gaan, en dood te maak – ongeag of dit broer, vriend of bloedverwant is. Die Leviete het dit gedoen – en 3000 man het gesterf (Eks 32:27-28). Vers 29 sê die Leviete het hulle sodoende aan die Here gewy, en ons weet dit was a.g.v. hierdie optrede van die Leviete dat hulle op die ou end die verantwoordelikheid ontvang het vir besondere diens in die tabernakel as hulp vir die priesters.

   Ons moet kennis neem: ongehoorsame en hardnekkige optrede het gevolge. Baie van die volk het gesterf. Onthou die oproep van Moses: "Wie vir die Here is, kom hier na my toe". Nie almal in die volk het gegaan nie – daar was lede van die volk wat nie bereid was om op te staan en te erken hulle is vir die Here nie. Onthou – ons praat van lede van die volk van God. Ons praat van mense wat 'n paar maande gelede die pasga geëet het in Egipte, wat by die Rooi See gestaan het, wat 'n paar weke terug by Sinai gestaan het toe die Here Sy wet aangekondig het – maar nou is hulle nie bereid om vir die Here op te staan nie. Dit laat my dink aan Ismael wat ook besny is, soos Isak – maar, sover ons weet, verlore gegaan het. Dit laat my dink aan Jesus wat met Sy koms die geestelike leiers veroordeel het oor hulle nie werklik die Here geken het nie. Dit laat my dink aan Heb 6 waar mense wat eenmaal verlig is, wat die hemelse gawe gesmaak het, wat die goeie woord van God gesmaak het, wat die kragte van die komende bedeling gesmaak het, tog afvallig geword het. Geliefdes, moet nie so gou op jou louere sit en aanvaar jy is gered nie! Is jy bereid om op te staan en te erken jy is vir die Here? Is jy bereid om op te staan en die dood te maak wat nie vir die Here is nie? Is jy bereid om teen broer, vriend en bloedverwant op te staan? En nou kan ons direk in 'n debat verval of dit redelik is van die Here om van ons te verwag om voor die voet dood te maak. Jy mis die punt! Moet nie direk op humanitêre gronde probeer hoogheilig wees nie. Die vraag is: Het jy die passie vir die Here soos wat die Leviete gehad het, of nie? Is jy bereid om op tree wanneer die Here se Naam oneer aangedoen word?

4. **Moses tree weer vir die volk in (Eks 32:30-33:6):** Moses is weer op pad na die Here toe – hierdie keer wil hy vir hulle gaan versoening doen by die Here. Toe hy laas op die berg was, het die Here net ingestem om nie die volk te vernietig nie. Hierdie keer gaan hy om versoening te doen. In verse 31-32 erken Moses teenoor die Here dat die volk gesondig het, en hy pleit om vergifnis. En, as die Here dit nie wil doen nie, dan moet die Here maar vir

Moses uit Sy boekrol wis – dit is onmiskenbaar: Moses bied homself aan in die plek van die volk. Dit is onmiskenbaar: Moses is 'n tipe van die Here Jesus.

En tog is die antwoord van die Here verstommend – lees Eks 32:33-34. Die Here aanvaar nie Moses in die plek van die volk nie. Die Here sê Hy hou steeds die volk verantwoordelik – dit is die wat gesondig het wie se name uitgewis moet word. Die Here is egter wel bereid om die oordeel uit te stel – tot op die dag wat die Here rekenskap gaan eis. Volgens Eks 33:1-3 sê die Here intussen kan Moses maar die volk na die beloofde land lei – die Here sal Sy beloftes aan Abraham gestand doen en hulle daar bring. Maar die Here gaan nie self in hulle midde trek nie – nee, die Here sal hoogstens Sy engel stuur om saam met hulle te trek. En die rede waarom die Here nie saam met hulle kan trek nie, is hulle hardnekkigheid. As die Here sou saamtrek, sou Hy hulle vernietig. Sien jy hoe ernstig sonde is vir die Here? Dit is eenvoudig onmoontlik vir 'n sondaar om in Sy teenwoordigheid te kom, en nie vernietig te word nie.

5. **Moses rig 'n ontmoetingstent op (Eks 33:7-11):** In hierdie verse lees ons Moses het 'n tent opgeslaan – buite die kamp, ver van die kamp af. Hierdie was 'n ontmoetingstent. As iemand die Here wou raadpleeg, moes hy uitgaan, buite die kamp, na hierdie tent toe. En ons lees dat die Here dan wel in die wolkkolom afgekom het na die tent toe – en dan het die Here met Moses gepraat. Ons lees die Here het met Moses van aangesig tot aangesig gepraat – soos 'n man met sy vriend, en Moses het dan weer met die volk gepraat.

   Weereens is Moses die tussenganger tussen die Here en die volk. Maar die Here kom nie in die kamp nie – want die volk is hardnekkig. As iemand die Here wil raadpleeg, moet hy uit die kamp gaan na die Here toe daar ver buite die kamp by die ontmoetingstent. En dan daal die Here wel neer, dan praat Hy met Moses, en Moses kan met die volk praat. Ten minste is daar al toegang tot die Here.

6. **Moses tree weer vir die volk in (Eks 33:12-17):** Weereens gaan Moses na die Here. In vers 12 sê Moses vir die Here alhoewel die Here gesê het hy moet die volk na die beloofde land lei, en alhoewel die Here gesê het Hy sal iemand saam met die volk laat gaan, het die Here nie vir Moses gesê wie dit sal wees nie. Moses pleit dat as hy guns gevind het in die oë van die Here, dan moet die Here tog nou aan hom die detail van Sy plan bekend maak. In vers 14 vra die Here vir Moses: "Moet My teenwoordigheid saamgaan, en moet Ek vir jou rus gee?".

   Verse 15 en 16 beskryf Moses se reaksie. Ek is seker Moses moes uitermate verlig gewees het – ja, sê hy, as die Here nie saamgaan nie, dan moet hulle nie trek nie. Hy sê dit is wat die volk onderskei van alle ander volke – die Here moet in die midde van Sy volk wees. As die Here nie saam met hulle trek nie, sal hulle maar netsoos die ander volke wees. En dan willig die Here in, in vers 17: "Ook aan hierdie versoek wat jy uitgespreek het, sal Ek voldoen, omdat jy guns gevind het in my oë, en Ek jou by die naam ken."

7. **Moses versoek om die Here se heerlikheid te sien (Eks 33:18-23):** In vers 18 vra Moses om die heerlikheid van die Here te mag sien. Die Here deel Moses egter mee, dat Hy nie die aangesig van die Here kan sien en bly leef nie – want Moses is 'n mens (Eks 33:20). Maar die Here kom Moses tegemoet: Hy sal Moses in 'n rotsskeur laat staan, hom met Sy handpalm toehou, en dan by hom verbygaan. En Moses sal dan toegelaat word om die heerlikheid van die Here van agter af te sien.

<u>Die ontknoping van die gebeure (Eks 34:1-35)</u>

Die ontknoping van die gebeure vind plaas in Eks 34. Ek gaan dit nie in detail beskryf nie, maar die hoofpunte wat ons moet raaksien, is die volgende:

- Moses is weer die berg Sinai op, en die Here het Sy heerlikheid aan Moses getoon. Moses het toe weer by die Here gepleit dat Hy saam met hulle moet trek, en al is dit volk hardnekkig, moet die Here tog hulle sonde vergewe en hulle as Sy eiendom aanvaar. (Eks 34:5-9). Ons lees ook dat Moses se gesig stralend was nadat hy met die Here gepraat het.
- Die Here het weer die Sinaiverbond hernuwe (Eks 34:10-27)
- Die Here het weer aan Moses twee kliptafels gegee met die wet van die Here daarop geskryf (Eks 34:29)

Vanaf Eks 35 word die bou van die tabernakel beskryf – en soos ons al vroeër opgelet het, is dit in die middel van die kamp opgerig – anders as die ontmoetingstent wat Moses ver buite die kamp opgerig het.

<u>Die betekenis van die gebeure</u>

Kom ons besin nou oor die betekenis van hierdie gebeure. Ek is oortuig ons moet die betekenis van die gebeure soek deur in ag te neem dit volg na die Here aan Moses die detail beskrywing vir die bou van die tabernakel gegee het, en voor die beskrywing van hoe die volk wel die tabernakel gebou het. Op een of ander wyse moet daar 'n verband wees tussen hierdie gebeure en die tabernakel.

Een saak wat direk duidelik uit die gebeure na vore kom, is die skande van die volk se sondige optrede. Dit is haas ondenkbaar dat die volk so vinnig so diep in sonde geval het. Om binne so 'n kort periode na die aankondiging van die wet van die Here van Sinai af, en 'n selfs nog korter periode na die aankondiging van die boekrol van die verbond, aldrie eerste gebooie in die wet te oortree, asook die eerste bepaling in die boekrol van die verbond, is verstommend. Voeg hierby, dat toe Moses vra dat die wat vir die Here is, by hom moet kom staan, was dit net die Leviete wat gegaan het. Ons het hier 'n uitbeelding van hoe sondig die aard van die mens is. Ja, die Here wil hulle 'n heilige nasie maak – maar duidelik is die volk nog ver van daardie einddoel af. En hierdie gebeure moes dit aan die volk duidelik maak. En dit moet dit ook aan ons duidelik maak.

Wat ook uit die gebeure na vore kom, is dat hierdie probleem nog groter gemaak word deur die feit dat die Here absoluut heilig is. En die heiligheid van die Here eis dat Hy eenvoudig moet optree teen die onheilige optrede van die volk. Die Here het dit telkens duidelik gemaak Hy kan eenvoudig nie saam met die volk trek nie, Hy kan eenvoudig nie in hulle midde wees nie – want dit sal die einde van die volk beteken. Sy heiligheid sal eis dat Hy optree, en dan sal Hy die volk vernietig.

Maar Moses pleit voortdurend vir die volk by die Here, en in hierdie pleidooie herinner hy die Here aan Sy verbondsbeloftes aan Abraham – die Here het beloof Abraham se nageslag, dit is die volk, sal 'n groot nageslag wees en hulle sal in die beloofde land kom. Sien jy die skaakmat situasie wat ontstaan? Die Here is heilig. Die volk is nie heilig nie. Die Here het beloof Hy sal die volk in die beloofde land bring. Maar Hy kan nie saam met hulle trek nie – dan sal Hy hulle vernietig, en dan sal Sy verbondsbeloftes nie vervul word nie – en dit is onmoontlik, want omdat Hy heilig is, moet Hy Sy beloftes vervul. Wat nou?

Wel, kom ons volg nou Moses se bemiddelingswerk tussen die Here en die volk:

Reg aan die begin, net na die Here aan Moses vertel het hoe die volk in sonde geval het deurdat hulle die goue kalf gemaak het, terwyl Moses nog op die berg by die Here was, redeneer Moses met die Here. Die Here wil die volk uitwis – maar Moses sê vir die Here dit is ondenkbaar en onmoontlik,

want die Here het beloftes gemaak aan Abraham, en in elk geval wat sal die Egiptenare van die Here sê. Die Here kan nie die volk uitwis nie. Die Here gee toe.

Toe gaan Moses na die volk, en hy konfronteer hulle hard en reguit: Hy smyt die kliptafels met die wet van die Here neer – om vir die volk te wys wat hulle optrede effektief gedoen het – hulle het die wet van die Here weggesmyt. En toe verpoeier hy die goue kalf – om vir die volk te wys hoe sinloos dit is om ‘n handgemaakte goue kalf te wil aanbid. Hy wys vir die volk sonder die Here het hulle niks. Hy roep almal wie vir die Here is na hom toe. Net die Leviete kom. Moses wys vir die volk hoe ver hulle van die Here af is. Die Leviete rig ‘n groot slagting onder die res van die volk aan. So wys Moses vir die volk waarheen hulle op pad is – na die dood toe. Immers die Here se heiligheid vereis dat hulle moet sterf.

Dan verduidelik Moses vir die volk daar is nou net een uitweg: Hy sal weer na die Here toe gaan om te probeer versoening doen. Moses het toe na die Here gegaan, die volk se sonde erken, en gepleit vir vergifnis. Dit is nou al uitweg. En, sê Moses vir die Here, as dit nie vir die Here aanvaarbaar is nie, dan moet die Here maar vir Moses uitwis – Moses bied dus homself aan in die plek van die volk. Nou, geliefdes, direk sien ons natuurlik hier in Moses ‘n tipe van Jesus wat Homself in ons plek aanbied, maar hier is ‘n probleem: Die Here aanvaar nie Moses se aanbod nie! Hoekom nie? Want Moses was net ‘n mens, en boonop self ook ‘n sondige mens! Die Here hou voet by stuk: die volk het gesondig, en hulle moet betaal. Maar die Here maak ‘n toegewing: Hy stel die oordeel uit tot op die dag van rekenskap. Intussen moet Moses maar die volk na die beloofde land lei – immers is dit wat die Here beloof het. Maar die Here kan nie saamtrek nie, want hulle is steeds onheilig. Die tweede toegewing wat die Here maak is dat ‘n engel saam met die volk kan trek.

Moses gaan vervolgens terug na die volk. Hierdie keer rig hy ‘n ontmoetingstent op – ver buite die kamp. En die idee is dat as iemand die Here wil raadpleeg, dan moet die persoon uit die kamp uitkom na hierdie tent toe. Dit is ‘n soortgelyke optrede as die Leviete wat bereid was om vir die Here op te staan. Dit is daardie lede van die volk wat bereid is om op te staan en na die ontmoetingstent buite die kamp te gaan, wat wel die Here se wil kan hoor. Want, sien, die Here het wel na daardie tent neergedaal, om met Moses te praat, en Moses kon dan met die lid van die volk praat. Maar die persoon moet pertinent opstaan en na die Here gaan.

Met hierdie beginsel in plek, gaan Moses weer terug na die Here toe. En hierdie keer vra hy die Here moet aan hom bekend maak presies wie is dit wat saam met hom en die volk sal trek na die beloofde land toe, as dit dan nie die Here self is nie. En uiteindelik vra die Here vir Moses: “Moet Ek saamtrek?” En Moses reageer opgewonde: “As U nie saamtrek nie, moet ons nie trek nie. Trouens sonder U in ons midde, is ons maar net soos die ander volke.” En dan ontknoop die gebeure: Die Here gee weer Sy wet. Die Here herbevestig die Sinaiverbond. Die Here onderneem om verder saam met die volk te trek.

Maar hoekom is die Here nou skielik bereid om wel saam te trek? Wat het nou verander? Immers is die wet steeds dieselfde, en die Sinaiverbond is ook steeds dieselfde.

Wel, Moses se optrede het ‘n paar dinge duidelik gemaak: Die volk is sondig. Die Here is heilig. Die Here kan nie maar net in die midde van ‘n onheilige volk kom woon nie. Maar die Here het ook ‘n verbond wat Hy reeds gesluit het wat Hy moet nakom. Maar onthou nou: terwyl die volk besig was om aan die voet van die berg die goue kalf te maak, was Moses op die berg en het die Here aan Moses die voorskrifte vir die tabernakel gewys. Moses het daardie konsep van die tabernakel geneem, en die ontmoetingstent buite die kamp gaan opstel – en daar het hy gedemonstreer die Here is bereid om af te kom na iemand wat bereid is om op te staan vir die Here.

En dit was toe dit sigbaar geword het aan die volk, dat Moses na die Here kon teruggaan en opnuut vra Hy moet saam met hulle trek, en dit was toe dat die Here gesê het Hy sal, dit was toe dat Hy weer die Sinaiverbond hernuwe het, dit was toe dat Hy weer aan hulle die wet op kliptafels gegee het, dit was ook toe dat Hy Moses na die volk gestuur het en aan hulle die voorskrifte vir die oprigting van die tabernakel gegee het. Hulle moes eers die tabernakel bou daar by Sinai voor hulle met die Here in hulle midde verder kon trek.

Nou kan jy vra: Maar watse verskil maak die tabernakel nou? Dit maak die wêreldse verskil! Die oplossing vir die skaakmat situasie van die heilige Here wat Sy verbondsbeloftes moet nakom, terwyl die volk onheilig is en Hy dus nie in hulle midde kan woon nie en dus nie saam met hulle kan trek nie – lê in die tabernakel. Moses se ontmoetingstent buite die kamp het gedemonstreer die Here is bereid om neer te daal as iemand bereid is om op te staan en na Hom te kom.

Maar die tabernakel is meer as net ‘n ontmoetingstent. Ons het mos die simboliek gesien: As iemand in die tabernakel inkom, dan beteken dit hy word weergebore, hy kom tot bekering en geloof. As iemand in die voorhof kom, word hy geregverdig deur die offer van die plaasvervangende Lam en word hy skoongewas in die bronswaskom. Wanneer hy in die Heilige kom, word hy geheilig in die lig van die kandelaar, deurdat hy eet van die brood op die tafel, deur te bid saam met die wierook wat die werk van die Heilige Gees en die voorbidding van die Here Jesus is. Wanneer hy in die Allerheilgste kom, word hy heerlik verklaar – d.w.s. volmaak heilig verklaar. En die Here woon in die Allerheiligste – dit is die voetbank van Sy troon. Die Here is bereid om saam met die volk te trek op voorwaarde daar is ‘n tabernakel in hulle midde, op voorwaarde die Here kan in die Allerheiligste woon, agter die voorhof en die Heilige – wat simbool is van die verlossingsproses wat die Here met die volk wil loop om hulle by heiligheid uit te bring. Dit was toe Moses se optrede die konsep van die ontmoetingstent gedemonstreer het, dat die Here bereid was om saam te trek in hulle midde – maar die ontmoetingstent moes vervang word met die tabernakel in die middel van die kamp. Daarom moes hulle eers oor die loop van die volgende paar maande by Sinai die tabernakel bou, voor hulle verder kon trek. Die doel met die goue kalf gebeure wat beskryf word in die middel van die openbaring oor die bou van die tabernakel, is om aan die volk en aan ons te verduidelik hoe belangrik die tabernakel is – die tabernakel verduidelik die verlossing van die Here deur die plaasvervangende Paaslam. Dit is alleen moontlik vir die Here om in die midde van die volk te woon deur die verlossingswerk van die ware Paaslam waardeur die volk by heiligheid gebring kan word.

Geliefdes, kan ek ook nog hierdie opmerking maak: Ek het hierdie verhaal vertel asof dit Moses is wat die wysheid gehad het hoe om die Here te manipuleer om tog wel saam met die volk te trek. Ek het dit so vertel, omdat dit is hoe die Bybel dit vertel. Maar ek glo dit is vir jou duidelik, dat dit ten diepste die Here is wat Moses en die kalfgebeure gebruik het, om aan ons die noodsaak van Sy verlossingsproses te kommunikeer as die enigste oplossing vir daardie skaakmat situasie tussen die Heilige God en onheilige volk. Hierdie is immers openbaringsgeskiedenis.